HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

1 Maart 2024

OMSENDBRIEF 7/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Swemuitslae**: Hoërskool Bonnievale het ‘n vierde plek uit tien skole by die Laerskool Swellendam swemgala behaal. Baie geluk aan elke swemmer wat ons skool so mooi verteenwoordig het. Die volgende leerders het eerste, tweede of derde plekke in items behaal: **Anica Gerber, PD de Wet, Alné Matthee, Edean Kriel, Ené Kriel.** Die volledige uitslae van die Swellendam-gala is hier beskikbaar:

   https://hsbonnievale.co.za/swem/

   Die volgende swemmers het op Dinsdag 27 Februarie 2024 aan ‘n laerskoolswemgala te Laerskool Gericke in Ceres deelgeneem. **Carli de Wet** behaal ‘n tweede plek in die 50 m-rugslag en ‘n vierde plek in die 50 m-vryslag in die dogters o.11-kategorie. **PD de Wet** wen die seuns o.8 50 m-vryslag. Baie geluk met die mooi prestasies!

2. **SBL-verkiesing 2024: Geen nominasies vir ouerlede mag ná 13:00 op 4 Maart 2024 meer ingevorder word nie, ook nie op die verkiesingsdag van 18 Maart nie.** Die stembrief vir die verkiesing word dus op 4 Maart gefinaliseer. ‘n Harde kopie van al die inligting vir die SBL-ouerverkiesing is verlede Vrydag aan elke leerder in die skool uitgedeel met die opdrag om dit aan hul ouers te oorhandig. Beide aanhangsels kan ook afgelaai word by https://hsbonnievale.co.za/skoolbeheerliggaam/ en ekstra nominasievorms kan by die kantoor afgehaal word. Alle nominasievorms moet by die skool se kantoor ingehandig word voor 4 Maart 2024 om 13:00.

3. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

4. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 1 Mrt.	Hoërskole Boland Atletiekkampioenskappe
Sa. 2 Mrt.	Hopefield Sportdag (Netbal o.14A, -16A en -19A) Mini-krieket te Kouebokkeveld Hoërskole Boland Atletiekkampioenskappe
Ma. 4 Mrt.	Juf. Suzaan Jordaan verjaar Ouernominasies vir SBL-verkiesing sluit 13:00
Di. 5 Mrt.	Ouernominasiebevestigingsvergadering vir SBL-verkiesing 15:30 (Genomineerdes mag bywoon, maar bywoning is nie verpligtend nie)

Wo. 6 Mrt.	Matriekoueraand 18:00 in skoolsaal (Verpligte bywoning vir alle matrieks en hul ouers) O.13-krieket vs. Buffeljags (tuis)
Do. 7 Mrt.	HS Bonnievale Opedag
Vr. 8 Mrt.	Laerskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl Robertson Swemgala Tennis: Grondslagfase vs. Rûens Kollege
Sa. 9 Mrt.	Laerskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
So. 10 Mrt.	Wes-Kaap Laser Run-byeenkoms te HSB
Di. 12 Mrt.	Klub 100
Wo. 13 Mrt.	Landloop Kleurebyeenkoms (Groen vs. Geel) te HSB O.13-krieket vs. VRT Pitt (weg) SBL Koshuiskomitee vergader 18:00
Vr. 15 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
Sa. 16 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl Juf. Belinda Oosthuizen verjaar
So. 17 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
Ma. 18 Mrt.	SBL Ouerverkiesing (14:00 tot 19:00)
Di. 19 Mrt.	Graad 11 Aansoeke vir vakveranderinge sluit
Wo. 20 Mrt.	Skool sluit vir vakansie 11:00

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Eerlikheid is die vinnigste manier om te keer dat 'n fout 'n mislukking word."

- *James Altucher (Amerikaanse entrepreneur)*